

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM		DATUM		+ LAST WEEK		BY DIE GELD PUT OPSIE				
	2018/08/15		2018/08/14		2018/08/06		W/M		Y/M		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data					
DJIA-index	25300	111.99	0.4%	25188	-0.5%	25427	DEC '18 TERMYNPRYS	R 2 396.00	R 2 462.00		
Goud (Spot)	1186.86	-6.96	-0.6%	1193.82	-2.3%	1215.41	CALL TREFFPRYS	R 2 400.00	R 2 460.00		
Brent \$/vat	72.17	-0.64	-0.9%	72.81	-1.8%	73.51	CALL PREMIE	R 140.86	R 131.92		
1 € / US\$	1.1328	-0.01	-0.8%	1.1414	-1.9%	1.1553	GELYKBREEK SAFEX PRYS	R 2 540.86	R 2 591.92		
1 US\$ / ZAR	14.37	0.310	2.2%	14.06	7.8%	13.33					
Corn	R 2 049.03	66	3.3%	R 1 982.68			*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day				
Wheat	R 2 859.69	96	3.5%	R 2 763.90			*CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day				
Soybeans	R 4 584.16	115	2.6%	R 4 468.73			*CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.				
Corn Sep 18	362.20	4.00	1.1%	358.20			15	W/M	Y/M	TM	
Wheat Sep 18	541.60	6.60	1.2%	535.00			WEEK TOTAAL	5 095	122 918	128 013	
Soybeans Sep 18	868.20	3.20	0.4%	865.00			JTD TOTAAL	109 321	857 617	966 938	
PLAASLIKE MARKINLICHTING							MIELIE UITVOERE				
SORGHUM Jul '18							UITVOERBAAR				
WMAZ Spot							JTD AS % VAN UITVOERBAAR				
WMAZ Sep 18							TEMPO/WEEK BENODIG				
WMAZ Dec 18							MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS				
YMAZ Spot							WEEK TOTAAL				
YMAZ Sep 18							JTD TOTAAL				
YMAZ Dec 18							NOK SKATTING + REGSTELLINGS				
SOY spot							% GELEWER VAN OES				
SOY Sep 18							TEMPO /WEEK BENODIG				
SUN Spot 18							KORING INVOERE				
SUN Sep 18							2017/18				
WHEAT Aug 18							2016/17				
WHEAT Sep 18							5 Jr. GEM				
WHEAT Dec 18							WEEK TOTAAL				
							JTD TOTAAL				
							TOTAAL BENODIG				
							JTD AS % VAN BENODIG				

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R14.37/\$ en het weer skerp teruggesak vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die rand was die eerste twee dae van die week baie volatiel en het met meer as R1/\$ gevarieer. Die wisselvalligheid in die wisselkoers kan grootliks toegeskryf word aan internasionale faktore wat 'n impak op die plaaslike geleendheid het. In gister se maandelikse mynbou vervaardigingsfers wat bekend gemaak was, was aangedui dat die sektor se produksie ongeveer 2.8% toeneem het gedurende Junie. Dit is hoër as wat die algemene verwagting in die mark was en dus het dit gehelp dat die mynbou sektor groei behoort te toon in die 2de kwartaal van 2018 wat meer positief is. Die mynbou sektor dra 'n groot gedeelte van die plaaslike BBP. Die verswakking van die rand het ook bygedra tot die meer gunstige produksie uitset. Later vandag word die kleinhandverkope vir Junie deur Statistiek SA bekend gemaak en dit sal ook 'n goeie aanduiding wees van die welstand van die plaaslike ekonomie.

**Mielies:** Die Amerikaanse meliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag om van Maandag se verliese in die mark op te maak. Beide die September en Desember kontrakte het hoër gesluit vir die dag. Die Amerikaanse mark behoort egter steeds oor die volgende paar weke onder druk te bly met die verwagting dat die USA hierdie seisoen weer 'n goeie oes sal hê met goeie opbrengste wat verwag word. Die volgende paar weke sal die weerstoestand egter doggehou word deur die mark, wat die mark volatiel kan hou. Die weeklikse produksietoestand verslag wat gister bekend gemaak was, het aangedui dat die produksietoestand 70% goed tot uitstekend is, wat 1% laer is as die vorige week se skatting, maar steeds 8% beter is as verlede seisoen se skatting teen dieselfde tyd van die jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister skerp onder druk gekom en het meestal laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande van beide wit -en geelmelies wat tans gelys is. Die wisselvalligheid van die wisselkoers dra ook grootliks by tot die wisselvalligheid wat die afgelope twee dae in die markte gesien was. Die nuutste weeklikse produsente lewerings verslag word later vandag deur die USDA bekend gemaak.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in beide die Augustus en September kontrakte. Die sojaboonprys het ondersteuning gevind gister met die sojaboonmeelprys wat ongeveer 2.5% toeneem het gister. Die sojaboon olieprys het ongeveer 0.5% gedaal vir die dag. In die weeklikse produksietoestand verslag het die USDA die sojaboon produksietoestand ongeveer 1% laer aangepas vanaf verlede week se skatting en word dit nou op 66% goed tot uitstekend geskat. Die fisiologiese vordering van die Amerikaanse sojaboon oes vorder goed met 96% van die oes wat tans in die blomfase is terwyl 84% van die oes reeds begin peule vorm. In Brasilië is die produsente steeds besig om die sojaboon hektare uit te brei en alhoewel die uitbreiding van sojaboon hektare die afgelope 5 jaar reeds goed toeneem het gaan dit waarskynlik verder toeneem met die groter vraag vanaf Sjina na Brasiliaanse sojabone. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die prysbeweging wat vir die dag in mark gesien was, was wel nie groot gewees nie.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het gister weer ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag om van Maandag se verliese in die mark op te maak. Beide die winterkoring markte sowel as die lentekoringmark het gister sterker verhandel vir die dag in beide die September en Desember kontrakte. Die lentekoring se produksie toestand was hoër aangepas vanaf die vorige week se skatting en word nou op 75% goed tot uitstekend geskat vanaf die vorige week se 74%. Die stroop proses van die lentekoring word op 35% voltooi gerapporteer wat beter is as die 5 jaar gemiddelde tempo van 27% teen hierdie tyd van die seisoen. Die winterkoring se stroopproses word op 94% voltooi gerapporteer teenoor die 5 jaar gemiddeld van 96% voltooi teen hierdie tyd van die jaar. In ander internasionale nuus het Egipte die 420 000 ton se koring aangekoop op 'n internasionale tender vir lewering tydens September en Oktober. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die koring invoere vir die seisoen het reeds goed gevorder en die totale invoere vir die seisoen staan reeds op ongeveer 1.77 miljoen ton van 'n geskatte 1.95 miljoen ton. Die verwagting is dat daar in die volgende paar weke nog heelwat koringinvoere behoort in te kom.

Plaaslike Markinsigte & Data: [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) / [www.sagis.co.za](http://www.sagis.co.za)  
Internasionale Markinsigte & Data: [www.usda.com](http://www.usda.com)

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: [luan@grainsa.co.za](mailto:luan@grainsa.co.za)  
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

